



NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN
AANVULLINGSEKSAMEN 2014

AFRIKAANS HUISTAAL: VRAESTEL I

NASIENRIGLYNE

Tyd: 3 uur

100 punte

Hierdie nasienriglyne word voorberei vir gebruik deur eksaminatore en hulp-eksaminatore. Daar word van alle nasieners vereis om 'n standaardiseringsvergadering by te woon om te verseker dat die nasienriglyne konsekwent vertolk en toegepas word tydens die bepunting van kandidate se skrifte.

Die IEB sal geen gesprek aanknoop of korrespondensie voer oor enige nasienriglyne nie. Daar word toegegee dat verskillende menings rondom sake van beklemtoning of detail in sodanige riglyne mag voorkom. Dit is ook voor die hand liggend dat, sonder die voordeel van bywoning van 'n standaardiseringsvergadering, daar verskillende interpretasies mag wees oor die toepassing van die nasienriglyne.

**AFDELING A BEGRIP-, TAALVAARDIGHEID EN VISUELE
GELETTERDHEID**

VRAAG 1

- 1.1 1.1.1 Die woord "man" verwys hier nie net na die biologiese verskynsel nie, maar na 'n **tipe** persoon wat heel moontlik BAIE trots is op sy manlikheid en die tradisionele waardes en optredes aanhang wat hieraan toegeskryf word. M.a.w. alles behalwe 'n metroseksuele man of een wat in voeling met sy vroulike kant is. (Let op **twee** duidelik onderskeibare redes.) (2)
- 1.1.2 Manne (nie "mans" nie!) (1)
- 1.1.3 'n Ware man word nie gepamperlang met "vreemde" plekke of kure nie. (1)
- 1.2 1.2.1 **Manikuur** (1)
- 1.2.2 Latyn – die taal waarvan die woord afgelei is. (1)
- 1.2.3 Voet (1)
- 1.3 Johannesburg is 'n metropool en die polisie wat hier werk word die metropolisie genoem (daarvandaan die "metro") (1) en die woord "sexy" wat aantreklik beteken, stem ooreen met die woord "seksueel" en vir hierdie "man" natuurlik na 'n vrou sou verwys – daarvandaan die polisievrout. (1) (2)
- 1.4 Abnormaal/ongewoon/anders (Let ook op ander moontlikhede.) (1)
- 1.5 Om die "vreemdheid" van sy spa-ondervinding en die terminologie daarom heen te beklemtoon. (1) Hy wil natuurlik ook onderstreep dat as ware "man" doen hy nie gewoonlik sulke "onmanlike" dinge nie. (1) OF Hy probeer doelbewus humoristies wees. (Let ook op ander bewoordinge of moontlikhede.) (2)
- 1.6 "Warmklipmassering" klink dalk soos 'n eufemisme vir xenofobie waar daar dikwels klippe gegooi word om protes aan te teken of vreemdelinge uit te dryf. (1) Die "dryftenkprosedure" klink na "water boarding" wat dikwels in die nuus is as martelingstegniek. (1) (Let op ander werkbare verduidelikings, bv. xenofobie = vrees vir vreemde dinge van mense, soos die spa.) (2)
- 1.7 C hiperbool (1)
- 1.8 Die skaapwagter **dryf** die skape by die berg op. (Alternatiewe betekenis moet duidelik blyk.) (1)
- 1.9 Ja. "Wel, ek het so pas my eerste spa-ondervinding gehad en nou wil ek vir almal vertel." Dit is duidelik iets waarvoor hy nou graag wil gesels en opgewonde oor is. Nee. "Kyk hoe krul my tone nou op van ..." Die spreker het sopas verduidelik hoe pynlik die massering en dryftenk was van krampe, so die ellips toon aan dat lesers hierdie pyn weer saam met hom moet ervaar. Hy klink dus heel ambivalent oor sy ervaring. (Let ook op ander moontlikhede.) (2)

- 1.10 Humoristies/Vermaaklik (Let ook op ander moontlikhede) (1)
- 1.11 Oop vraag. Let op insig en mensekennis.
Die meeste mans glo hulle is te gehard vir 'n gepamperlang en hou nie daarvan as enigiemand (behalwe hulle vrouens) aan hulle lywe vat nie.
'n Besoek aan 'n spa word as 'n vroue-aktiwiteit gesien en mans is skrikkerig daarvoor om as "te vroulik" gesien te word.
Baie mense glo dit is geldmors en dat 'n goeie stort al is wat hulle nodig het om te was en te ontspan. (2)
- [21]

VRAAG 2

- 2.1 Robert Mugabe/Zimbabwiese president
Daar is 'n Zimbabwiese vlaggie op die tafel en Mugabe is die president van hierdie land.
Die woord "Zim" (as algemene afkorting van Zimbabwe) kan gelees word in die opskrif in die koerant.
Die groot outydse bril en die mond wat soos 'n aap/gorilla s'n lyk word dikwels as 'n karikatuur van Mugabe gebruik.
(Let op ander moontlikhede.) (4)
- 2.2 Die spraakborrel self het 'n weerligstraal wat die woorde aan die spreker verbind.
Die woorde "A-nee-a" is 'n uitroep van ontsteltenis of ergerlikheid.
Die aksenttekens en uitroepteken aan die einde van die sin dui ook ekstreme emosie aan.
(Enige twee) (2)
- 2.3 Die akkuutaksenttekens op die woord "weet".
Die donkergedrukte/vetgedrukte woord "my". (2)
- 2.4 Letterlik: Mugabe hou net van een liedjie, nl. "I did it my way" van Frank Sinatra.
Figuurlik: Mugabe is baie voorspelbaar en luister nie na raad of voorstelle van enige ander mense nie.
(Let op ander bewoordinge.) (2)
- 2.5 Verskrik/bang/senuweeagtig (Let op ander moontlikhede.) (1)
Sy skouers is opgetrek.
Sy wenkbroue is opgetrek.
Sy oë is wyd oop en kyk noulettend na wat hy neerskryf.
Die papier wat hy vashou bewe – let op die strepies wat beweging aandui.
(Enige twee) (3)
- 2.6 Die rede vir die verbod op Freshly Ground se optrede, volgens die spotprenttekenaar, is omdat Mugabe net na een ou liedjie "I did it my way" van Frank Sinatra luister. (Verwys na direkte verband – 1 punt.) Hy is dus verstok.
Die spotprenttekenaar spot eintlik met Mugabe se onversetlikheid en onverbiddelike manier waarop hy sy land regeer.
(Let op ander bewoordinge.)
EN
Die popgroep daarenteen is modern en sing ander, meer geliefde en moderne, "deuntjies". (1 punt) (2)

[15]

VRAAG 3

Aantekeninge vir Assessering:

Tegnies

Korrekte aantal woorde (niks meer as 75 nie).

Die sinne wat die musiek/byklanke en stemme beskryf, laat 'n mens sien hoe die kandidaat gedink het aan die finale produk.

Korrekte spelling en taalgebruik.

Inhoud

Feite wat gerig is op **tieners** – hulle besit nog nie self huise nie en sal selde indien ooit goed soos verwarmers en elektriese komberse self koop. Dit gaan dus oor wat **hulle** doen. As die kandidaat onvanpaste feite gebruik, maar dit oor die boeg gooi dat die luisteraars hul ouers en gesinslede moet beïnvloed, dan is dit aanvaarbaar.

Puntetoekening:

Tegnies

1 punt vir aanduiding van korrekte woordtelling.

1 punt vir 'n sinvolle beskrywing van musiek, byklanke en stemme.

3 punte vir korrekte spelling en taalgebruik.

Inhoudelik

1 punt vir die geskikte "opsweep" van die teikengehoor.

1 punt vir 'n klinkende motivering van die versoek: bespaar elektrisiteit.

3 punte vir sinvolle wenke wat gerig is op tieners.

Voorbeeldantwoord

Stem 1: Dagsê ouens. Hier volg groenwarm nuus: Bly snoesig hierdie winter én bespaar elektrisiteit! (OPSWEEP EN MOTIVERING)

Stem 2: Hoe? As ek koud kry, kan ek nie dink nie!

Stem 1: Bly goedkoop warm onder komberse, (WENK 1) met warmwatersakke, (WENK 2) dik sokkies (WENK 3) en warm sjokolade (WENK 4).

Stem 2: Ek het gelukkig ook 'n elektriese kombes (WENK 5).

Stem 1: Slim! Maar onthou, skakel dit en ander verwarmers af as jy nie by is nie (WENK 6). En trek jou gordyne saans toe (WENK 7).

Stem 2: Ek kan ook groenwarm wees! (OPSWEEP)

MUSIEK, BYKLANKE EN STEMME

Klank doof in op "nuusberig" waarin groeiende druk op hulpbronne wat elektrisiteit verskaf bespreek word. (15 woorde)

Stem 1 is 'n jong opgewekte meisie; Stem 2 is aanvanklik 'n moedswillige seun, maar hy word stelselmatig oortuig. (19 woorde)

WOORDTELLING: 69 woorde

[10]

VRAAG 4

- 4.1 4.1.1 Alles loop verkeerd juis omdat dit Maandag is. (Let op ander bewoording.) (1)
- 4.1.2 Die rubriek verskyn altyd op 'n Maandag.
Die blou is heel moontlik vanuit die uitdrukking 'n "blou Maandag hê" en die rubriek skerts veral met dinge wat verkeerd loop.
Die wille kan wees a.g.v. die skrywer se voornaam "Willem".
Die wille kan ook daarop dui dat daar oor wilde dinge geskryf gaan word – soos hierdie teks ook bewys.
Daar is ook iets van 'n blouwildebees – 'n dier wat alles in sy pad uitmekaar sal stamp en moedswillig is (net soos die rubriekskrywer).
(Enige drie – Let ook op ander moontlikhede.) (3)
- 4.2 D byvoeglike bysin (1)
- 4.3 4.3.1 Selfstandige naamwoord (1)
- 4.3.2 Betekenis 3. (1)
Die woord word hier as die naam van Dik Daan se huis/of 'n kroeg gebruik, m.a.w. dit is so uitgedink dat dit figuurlik gebruik (1) word aangesien mense dikwels in die valstrik van hierdie lekker kuierplek beland (as jy eers daar is kom jy nie maklik daar weg nie). (1)
Let asseblief op ander verduidelikings. (3)
- 4.4 Dit was goed om te hoor: "Ons mooiste meisie kon al die skindertonge 'n koue skouer gee."
1 punt – korrekte woordorde
1 punt – korrekte puntuasie (2)
- 4.5 "hieruit kan leer, is dat die mees ..." (komma tussen werkwoorde in saamgestelde sin) (1)
- 4.6 Uit die teks verskyn heelwat voorbeelde wat die satiriese aard (spot met ernstige saak) duidelik uitlig (bv. aardverwarming, moraliteit (via Playboy SA), rugby, tienerswangerskappe en Mej. SA-kompetisie). (2)

[14]

VRAAG 5

- 5.1 Melktert is 'n tipies Afrikaanse soet gebak en iets waarop Afrikaners baie trots is. (1)
- 5.2 Die woorddeel "seker" word beklemtoon, aangesien dit die rede is waarom mense versekering uitneem – hulle wil seker wees hulle besittings is veilig. (1)
- 5.3 Dit beteken dat hierdie produk ook op die sosiale netwerk "Facebook" te vinde is. (1)
- 5.4 Jy word selfs teen die verlies van melktert deur hulle verseker. (2)
- 5.5 Weens (1)
- 5.6 5.6.1 Dit is Afrikaanssprekendes wat glo in die behoud van hul groepsidentiteit. Die produk verkoop die idee dat as jy by hulle versekering uitneem, sal jy bydra tot die trust wat Afrikaanssprekendes help oplei (jou mense) en die voortbestaan van Afrikaans sal verseker (jou taal). (Let op ander bewoordinge.) (2)
- 5.6.2 Let op insiggewende en deurdagte antwoorde. Geen punt vir slegs "ja" of "nee" nie.
Ja – Iedereen is geregtig om produkkeuses te maak wat spesifiek gerig is op 'n spesialiteitsmark. Sodoende kan die produk juis die teikenmark op 'n meer persoonlike wyse bedien en gelukkig hou.
Nee – Hierdie advertensie wil weer van Afrikaners 'n eksklusiewe of uitverkose groep mense maak en sinspeel op hulle patriotisme en hunkering na 'n vervloë tyd toe Afrikanerbelange vooropgestel was. Dit dra dus by tot verdere vervreemding in 'n tyd waarin nasiebou een van ons belangrikste take in 'n demokratiese bedeling kan wees. (2)

[10]

70 punte

AFDELING B POËSIE

VRAAG 6 VOORBEREIDE GEDIG

- 6.1 Suider-Afrikaners, inwoners van Suidelike Afrika/Suider-Afrika (1)
- 6.2 Die kontras tussen die mensgemaakte estetika van die Noorde teenoor die natuurlike skoonheid van die Suidelike Halfrond. (1)
Ook: Die noordelike halfrond het meer wêreldbekende kunstenaars wat deur die eeue heen reeds kuns skep teenoor die kunsleemte wat ons in die suidelike halfrond ervaar (1) – (omdat ons wêreld juis so moeilik is om in te kan oorleef het ons nie tyd om estetiees daarmee om te gaan nie).
(Let op insiggewende antwoorde wat beide aspekte betrek.) (2)
- 6.3 Krom en grys – wanneer mense oud word, word hulle krom en grys as natuurlike verouderingsproses. (1)
Houtbeen – in die verlede is protseses van hout gemaak en voor mediese vooruitgang is mense se ledemate meer dikwels afgesit en moes dan van protses gebruik maak. (1)
Droë sand – dit herinner aan die vel van ou mense wat droog en sanderig kan voorkom. (1)
Koets – dit is 'n argaïese vorm van die woord "koes" wat deesdae meestal in ouer mense se leksikon voorkom. (1)
(Enige drie) (3)
- 6.4 Die twee reëls staan weliswaar in kontras met reël 9, in dié opsig dat dit allermins 'n romantiese of rooskleurige beeld is. (1) Cloete vang met hierdie metafoor iets vas van die ontbering ("angstjank") en ongeërgdheid ("spotlag") wat soms gepaardgaan met die tipe lewe in hierdie harde en soms ongenaakbare Suid-Afrikaanse landskap – vir mens en dier. (1)
Ook – die jakkalse se fossielskreeu staan hier in kontras met die musiek van Beethoven. Hier herinner die klank jou aan die eerste/oergeluide van die aarde teenoor die mensgemaakte klank van musiek. (1) (Dit vang die wreedheid/vrees asook die ironiese oorlewingstryd in hierdie deel van die aarde vas.)
(Let asseblief op ander insigte hier. Nogtans moet 'n volledige en insiggewende antwoord gegee word vir die verdien van 3 punte!) (3)

[9]

VRAAG 7 VOORBEREIDE GEDIG

- 7.1 Arend (1)
- 7.2 Die plek en datumaanduiding hou verband met die koerantberigstyl waarin een gedeelte van die gedig geskryf is. (1)/
Dit verbind die inhoud van die gedig aan 'n werklike gebeurtenis ("waarheid"/realiteit van gebeurtenis word daardeur beklemtoon). (1)/
Dit ondersteun die twee opponerende elemente van stad (Johannesburg – waar die tragedie plaasgevind het) teenoor die natuur (die plek waar die man eens gelukkig was) asook die spesifieke tyd – mensgemaakte tyd – teenoor die meer seisoenale bestaan van die veld (1)/
Enige ander formulerings of werkbare insigte (1)
(Enige een) (1)
- 7.3 Dit dui eerstens op die spesifieke gebeurtenis – die geval (selfstandige naamwoord). Tweedens verwys dit na die aksie wat daar plaasgevind het, nl. Die man het geval (werkwoord). (2)
- 7.4 Die woorde in gewone druk lyk soos 'n koerantberig en word deur 'n derdepersoonsverteller/verslaggewer vertel terwyl die woorde in skuinsdruk deur 'n ek-verteller ('n verbeelde Amos Goyele) gesê/gedink word. (1)
- 7.5 Die s-klank word byna onomatopies aangewend om die sussende klank van die suster en haar vriendinne se sang weer te gee. (1)
- 7.6 Die meisies wat vir hom as jagter gesing het, was 'n positiewe en ondersteunende lied – jy moet jag om aan die lewe te bly – toe hy jonk was, word nou die skare wat hom hier aanpor om te spring na sy dood toe. (2)
- 7.7 Hy was nie 'n belangrike persoon nie. Die nuuswaardigheid van die gebeurtenis lê nie in wie hy was nie, maar eerder in die vreeslike situasie self. (1)
- 7.8
- Die foto: 'n Foto vang iets (wat dikwels in beweging is) vas en wys nie wat voor of na die foto gebeur het nie. Dit pen dit vas in tyd. Hierdie foto is die rede waarom die gedig in die eerste plek geskryf is.
 - Die woorde "vasgevang", "eindeloos" en "bly hang" sluit spesifiek aan by die idee dat die man voor die sprong na sy dood vasgevang is deur die foto aangesien dit eindeloos is – ons sien juis nie wat volgende gebeur nie. (Hy bly dus vir altyd hang op die afgrond en bereik nooit sy dood nie.) Die woord "gekruisig" is ook belangrik, want dit is byna asof Amos Goyele die wêreld se sondes op hom neem tydens sy selfmoord.
 - Die gedig as foto/foto as gedig dui op die feit dat ons ook met die skryf van poësie – soos met fotografie – die tyd laat stol. Ons kan 'n spesifieke gebeurtenis vir 'n oomblik vasvang, dit analiseer en bekyk van verskeie kante (selfs ander moontlikhede verbeel soos hier met Amos se gedagtestroom in waar hy vandaan kom).
- (Let natuurlik hier op ander formulerings, maar al drie sake moet hier aangeraak word.) (3)

[12]

VRAAG 8 ONVOORBEREIDE GEDIG

- 8.1 In beide sterf 'n man wat van 'n gebou val. (1)
Beide is aanvanklik naamloos. (1)
Beide mans word "gekruisig" deur fotografe wat die oomblik vasvang. (1)
Beide ontsnap van 'n bestaan van pyn en lyding (al is dit net in die laaste paar uur van die bestaan van die tweede man. (1)
(Let ook op ander moontlikhede. Enige twee.) (2)
- 8.2 Uiteindelik is dit die sensasie van die foto wat belangrik is – en verkoop, maar die identiteit van die individu is nie regtig belangrik nie. (Die foto maak enorme impak, maar die menslikheid van die persoon op die foto gaan eintlik daardeur verlore.) (1)
- 8.3 Hy is vertikaal besig om te val, so hy lyk fisies soos die leesteken met sy kop as die punt onder die vertikale strepie. (1)
Hy roep heel moontlik uit om hulp of skree terwyl hy val. (1)
Dit kan ook na die skok van die toeskouers verwys. (1)
(Enige twee) (2)
- 8.4 Dit dui aan dat meer inligting gaan volg, nl. **dat ons uiteindelik antwoorde op ons vrae gaan kry.** (1)
- 8.5 Die aanval op die World Trade Centre was gemik op Amerikaners en dis ironies dat groepe mense wat nie binne die terroriste se visier was nie ook moes ly en sterf, al was hulle nie die werklike teiken nie. OF
Die buitelandse utopiese werk het direk tot sy dood gelei. (1)
- 8.6 Let op eerlike antwoorde wat verwys na beide die vorm en inhoud van die onderskeie gedigte wat gekies word. (2)
[9]

30 punte

Totaal: 100 punte